

# KOERSVAS


Jaargang 4      Uitgawe 85      22 April 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Politieke Ekumene

Die stigting van die GHG was vir vele lidmate baie traumaties. As Hervormers wat lief is vir ons kerk, wou ons so graag alles herstel. Die konflik en spanning wat met die proses gepaard gegaan het, is nie meer so maklik te bespeur nie; al bly dit vars in die geheue. Dit was nie net moeilik om "jou kerk" agter te laat nie, "jou kerk" het dit moeilik gemaak om aan te beweeg. Die vele laster en verdagmakery insidente krenk steeds. Ons ernstige teologiese besware is afgemaak as politiekery en leuens.

Besware teen bevrydingsteologie en vrese van 'n horisontale teologie het gemaak dat lidmate gekant was teen die aanvaarding van 54/69<sup>1</sup>, en juis hierdie lidmate is beskuldig van politieke motiewe agter 'n teologiese rookskerm. Ons besware teen die agtergrond en politieke inhoud van die besluit om apartheid tot sonde te verklaar, is afgemaak as dwaas. Ons was kwansuis besig met politiekery terwyl die sogenaamde besluit 54 asook diegene wat die besluit ondersteun het as rein, edel en teologies goed ondergrawe voorgehou is. Maar wie se

politieke onderrok hang al hoe meer uit? Dit raak al hoe meer duidelik dat die GHG met reg hulself afgesonder het van die brullende kommunistiese beer wat besig was om die NHKA se gesagsposisies oor te neem.

Die beste toets vir enige verskil van mening is waarskynlik die toets van tyd. Ses jaar na die neem van 54/69 is die GHG besig om rustig kerk te wees. Ons praat teologie en getuig in Koersvas teen die owerheid oor verskeie sake. Die NHKA se gierigheid maak dat hulle ons steeds dwing om in 'n hofgeding (vir hulle verlore hofsak omdat ons wettig opgetree het) gewikkel te wees oor ons eie eiendom.

Die NHKA aan die ander kant, is nou betrokke by verskeie groeperings wat in die verlede ondenkbaar was. Twintig jaar gelede sou enige predikant wat aktief betrokke was by die SARK (Suid Afrikaanse Raad van Kerke) onder ernstige politieke en teologiese verdenking gewees het. Ons weet die SARK is in sy diepste wese kommunisties en is 'n voorstander van bevrydingsteologie, - was dit ook nog altyd gewees. In die maande en jare na Oktober 2010 het ons by verskeie geleenthede gewaarsku teen die ekumene, teen die WRK (Wêreld Raad van Kerke – in ons land gespieël deur die SARK) en sy filiale. Ons is

<sup>1</sup> 54/69 - Die aanvaarding van beskrywingspunt 54 van die 69e AKV gehou in 2010. Hierdie besluit het "apartheid" tot sonde verklaar.

in die openbare domein as oningelig uitgekryt. “Kyk na die besluite, ons is deel van die WCRC”. Lidmate is dom laat voel omdat hulle studiestukke van die WRK aangehaal het.

Nou **is** die NHKA betrokke by die SARK: Studiestukke wat byvoorbeeld deur dr Gerber (NGK) opgestel is en die SARK se seën<sup>2</sup> ontvang het, word nou deur die Algemene Kommissie behandel, die SARK se aksieplanne word ondersteun en bevorder. Dit is nie ons wat (soos hulle beweer het) met leuens lidmate probeer oorhaal het nie, dit is hulle wat ons verkondiging van die waarheid verdag gemaak het! Wie het eintlik van die waarheid afgedwaal? Die SARK ondersteunde plan vir Soweto-dag en aksies daarna word goedgekeur en gaan bevorder word onder lidmate. Die plan om Soweto-dag (wat by die Hector Peterson museum gaan begin) in Soweto in 'n stadion te vier - met soveel blankes moontlik teenwoordig - gaan voortgesit word met aktiwiteite wat gaan uitloop op die viering van 16 Desember se “versoeningsdag”. (GHG volstaan met Geloftedag) Een aanhaling uit 'n amptelike NHKA skrywe sal dit alles staaf:<sup>3</sup>

*Uit die SARK se studiestuk vier konklusies...*

5.1 *Die denominasie aan wie die memorandum gerig is, het reeds deur hulle verteenwoordiger(s) op die beplanningsgroepe hulleself tot die saak en proses verbind.*

5.2 *Kerke word nou gevra om hierdie saak in hulle leierskapstrukture deur te praat en 'n wye inkoop hiertoe te kry.*

5.3 *Kerke gee toestemming dat hierdie saak in hulle amptelike kommunikasiestukke/koerante/nuusbriewe gekommunikeer word.*

5.4 *Kerke beplan dat die 40 Dae pelgrimsreis van gebed deel van hulle programme word.*

Die Kommissie van die AKV het hieroor soos volg besluit:

1. *Versoeke 1 tot 4 word goedgekeur. Deelname aan die 40 dae van gebed is vrywillig. Gemeentes word versoek om te bid vir versoening.*

2. *Gemeentes word versoek om, waar moontlik, geleenthede te skep vir lidmate wat self die trauma van konflik in die vorige bedeling ervaar het, om gesprek te voer (ook met mense uit ander gemeenskappe) om hierdie trauma te help verwerk en versoening te bewerkstellig.*

Wie was besig om vas en los met die waarheid om te gaan? Die Kommissie van die 70e AKV het sy stempel van goedkeuring aan 'n projek gegee wat duidelik polities van aard is.

Dit is duidelik dat die leierskap van die NHKA inkoop in die nuwe “teologie” wat eintlik 'n politieke napratery is van die keiser van die dag. Enige projek gekoppel aan 16 Junie (Soweto-dag – Jeugdag) is polities gekontamineer. Dit word ook duidelik dat enige koppeling van 16 Junie aan 16 Desember net moontlik is in 'n denkrumte waar die gelofte vergeet word en eenogige “versoening” aangehang word.

Die politieke agenda raak nou vir almal sigbaar; Afrikaners moet skuldig voel oor die verlede, moet so diep in die skuld van “apartheid” gedompel word dat ons kindskinders skaam gebore sal word. Onder die dekmantel van versoening, word daar nou druk geplaas op 'n klein persentasie van die bevolking om “versoening” te bevorder. Die volgende aanhaling uit dr Gerber se stuk, wat die seën en ondersteuning van die SARK wegdra, wys dat blanke deelname

<sup>2</sup> Uit die dokument: Die Nasionale Uitvoerende komitee van die SARK het 'n volledige verslag ontvang oor al hierdie verbandhoudende prosesse en hulle seën daarvoor uitgespreek

<sup>3</sup> Alle aanhalings is uit Omsendskrywe 23 Maart 2016 getiteld: "SING 'N NUWE (SUID-AFRIKA) LIED!" (PSALM 98) - 16 JUNIE TOT 16 DESEMBER 2016

politiees geregverdig word, maar dan omdat blankes “skuldig is” en nou die nuwe era as vredesveer moet aanbied.

*'n Ander belangrike konsensus het ontstaan: Die kerke van die land moet eienaarskap vir hierdie proses aanvaar: Dit is nie die taak van die politici nie. 'n Besondere klem in hierdie verband het toenemend al hoe sterker begin groei: Die Afrikaanse kerke (bedoelende die kerke met 'n substansiële Afrikaanse lidmaattal uit wie se geledere die grootste deel van dienspligtiges gekom het en wat die vorige bedeling op die een of ander wyse gelegitimeer het) moet 'n besondere leiersrol vervul in hierdie beplanning – in besonder mdo (sic) (waarskynlik met die oog) op dit wat vir 16 Junie 2016 voorsien word.*

Omdat die drie susterskerke die vorige era “gelegitimeer” het, omdat hierdie kerke die ‘meeste dienspligtiges’ opgelewer het, moet hierdie drie kerke voorloop met die aanbied van die nuwe bevrydingsteologie-inisiatief. Die feit dat daar 4.5 miljoen blankes in die RSA is, waarvan 59% ( $\pm 2.6$  miljoen) Afrikaners is, (waarvan minder as 50% of  $\pm 1.3$  miljoen) op skrif lidmate van die drie susterskerke is, maak dit onprakties om te verwag dat die paar honderd duisend volwasse Afrikaners 'n bevolking van 51 miljoen plus sal kan oortuig dat voortrefflike versoening bewerkstellig kan word. Dit bewys eerder dat hierdie versoek **ideologies gedrewe** is en ten doel het om Afrikaners in die besonder skuldig te laat voel.

Ons sou lank besig kon wees met die ontmasker van die politieke agenda. Ons fokus is egter elders. Dit is hartseer dat die NHKA in hierdie proses ingekoop het. Dit is ironies dat alles waarteen die NHKA vanmelewe was, klaarblyklik nou deur dieselfde kerk bevorder word. Die vrae word eintlik al in die stel van die volgende vrae beantwoord. Wie het lidmate om die bos gelei oor die aard van die NHKA se

ekumeniese deelname? Wie was besig met politiekery? Wie het getrou gebly aan Reformatoriese teologie? Wie is deel van oppervlakkige bevrydingsteologie? Wie het sy rug gekeer op vroegtydige waarskuwings? Teen hierdie agtergrond moet daar gevra word na die gewete van ampsdraers in die NHKA, in die besonder hulle wat gekant is teen hierdie nou **duidelike nuwe rigting**. Gaan hulle steeds kan tuis voel en sonder gewetenswroeging ‘kerk wees’? Gaan behoudende predikante en ampsdraers weer hulle gewetens verkrag deur die Algemene Kommissie van die 70e AKV se skrywe nie aan lidmate voor te hou nie. Gaan dit weer stil gehou word in die gemeentes en lidmate weer gesus word met die alewige “hier by ons het niks verander nie, ons hou net aan met kerk wees”? Indien wel, kyk maar mooi, in dieselfde snippermandjie waar die brief met die omsendskrywe lê, is daar ook 'n oorlaaide gewete wat in “vredesnaam” selfs die suiwer evangelie verloën het.

## BERIGTE

- Baie geluk aan ds Rita de Kock wat 9 April getrou het met mnr Albert van Antwerpen. Na hulle wittebrood gaan hulle nesskop in die Burgersfort omgewing. Geluk en vreugde!
- Na aanleiding van 'n navraag wat ontvang is, kan ons net stel dat die doel van die predikante se byeenkoms waar ons oor die doop praat, is om ons teologie te toets. Dit sal nie noodwendig uitloop op die formulering van 'n nuwe formulier nie. Teologiese nadenke en slyp van denke is belangrik vir elke predikant. GHG predikante gaan D.V. op 27-28 April 2016 bymekaar kom om in diepte oor die doop te praat; alvorens daar gekyk sal word na moontlike

nuwe formuliere. **Alle predikante word opgeroep** om die byeenkoms by te woon. U moet u teenwoordigheid bevestig. [gimwol@yahoo.com](mailto:gimwol@yahoo.com)

- Gemeente Meyerspark doen weekliks besoek by die Wilgers hospitaal. Wat besoeke bemoeilik, is dat pasiënte baie keer nie hulle kerkverband op die opname vorm invul nie. Gevolglik het die hospitaal nie rekord van watter mense van die Hervormde Kerk in die hospitaal is nie. Ons wil graag almal besoek, ook lidmate van ander gemeentes. Skryf "**Hervormd**" of "**GHG**" by "Kerkverband" op die registrasie-vorm.

- **GELOOFSBONDKWILT 2016**

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)

Tydens die Geloofsbond se Damesbyeenkoms in 2015, is daar besluit om by te dra tot die Opleidingsfonds deur 'n gesamentlike projek te loods.

As beginpunt van hierdie fonds, is 'n laslappiekomers/deken gemaak wat toe verlede jaar uitgeloot en gewen is.

Elke Bondsgemeente was 'n geleentheid gebied om blokke vir die geskiedkundige kwilt te maak. Die blokke was aangestuur en aanmekeargewerk soos wat Bondsgemeentes deur geloof aanmekeer gebind is. Daar is oor 'n R30 000 ingesamel en inbetaal met hierdie poging. Nou in 2016 doen ons dit weer.

Elke gemeente hekel 4 of meer blokke in aardse kleure van presies 20 cm in omtrek. Maak asseblief seker dat dit vir **Ina Steenkamp** voor Dinsdag, 31 Mei 2016 bereik.

U kan haar telefonies of per epos kontak by [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za) of **0829082831**.

Lootjielyste sal binnekort beskikbaar gestel word en kan bestel word by Ella Joubert per adres: [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

**Die sluitingsdatum vir die ontvangs van alle blokke is 31 Mei 2016.**

Indien u graag wil help om die kwilt aanmekeer te sit, kontak vir Yvette Otto by 0722237522.

- **GELOOFSBOND OMGEE**

Jaarlikse **Makwasbyeenkoms** te Premiermyn in Cullinan DV op Vrydag, 10 Junie vanaf 10:00.

Die Dorkas van Premiermyn nooi **alle emeriti** en/ of hul gades na 'n heerlike 3-gang maaltyd met boerekos en bederf op 10 Junie 2016 vanaf 10:00.

U as leraar is ook welkom om saam te kom kuier of om 'n boodskap te stuur wat ons aan die emeriti en hul gades kan voorlees.

RSVP asseblief voor 4 Mei by **Hanlie 0824174466**.

## KENNISGEWINGS

- Kennisname van Kongresdatum van die Calvinistiese Alliansie: 20 Augustus 2016

- Neem kennis; die Calvinistiese alliansie se skakels is opgedateer na <https://www.facebook.com/calvinistiesealliansie> met webblad

<http://www.calviniestiesealliansie.co.za>

Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg: [https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif\\_t=page\\_wall](https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall)

## Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Steve Hofmeyr tree op by Premiermyn Hervormde Kerk. Saterdag 23 April 2016. Beperkte sitplekke nog beskikbaar. Kontak Alta vir kaartjies 082 682 1252



**23 April 2016 om 19:00**  
**Hervormde Kerk, Cullinan**  
**H/v Zonderwater & R515**  
**R200-00 per persoon**  
**Kerrie & Rys R30-00**  
**Besprekings: Alta 082 682 1252**

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).
- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.  
<http://www.geloofsbond.org.za/>

#### **Drukwerk**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke

- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk  
[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING** by **018 381 1494**.

**KOM GENIET 'N RUSTIGE  
 AAND SAAM MET  
 PIETER KOEN**

**VENUE:** Ouditorium  
 (Hervormde Kerk Rustenburg JHB pad)  
**DATUM:** 27 Mei 2016

**TYD:** 19:00

**KOSTES:** R70 p.persoon

Kaartjies beskikbaar by Pen & Ink  
 Suria of Mari

Snoepie beskikbaar

Navrae: Suria 073 807 1090  
 Mari 084 208 7445